# Les 13 GELIEFDE KINDERS: ONS HET ALLE MENSE LIEF SOOS GOD WIL HÊ ONS MENSE MOET LIEFHÊ

## 1. In die sondige wêreld hoef jy net jou vriende lief te hê

Ons het in die eerste vier gebooie gesien hoe ons die Here moet liefhê. Nou gaan ons na die ses gebooie kyk waarin die Here vir ons wys hoe ons ménse moet liefhê.

Maar voor ons na die gebooie kyk, moet ons eers kyk watter mense die Here wil hê ons moet liefhê. Jesus wys vir ons watter mense ons moet liefhê, in Matteus 5:

*"[43] Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.' [44] Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, [45] sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen."*

Mense sê altyd – jy moet jou naaste liefhê, en jou vyande moet jy haat. Dit is net soos wat die koning van Egipte was. Al die wette wat hy gemaak het, het gesê alle mense moet die Egiptenare liefhê, maar jy mag maar die Israeliete haat. Kan julle onthou wat het Moses gedoen wat hom so bang vir die koning van Egipte gemaak het? Kom ons lees weer daardie verhaal*:*

*"[11] Toe Moses al 'n volwasse man was, het hy op 'n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, 'n Hebreër, deur 'n Egiptenaar geslaan word. [12] Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap. [13] Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreeuse manne aan die baklei. "Waarom slaan jy aan jou broer?" vra hy vir die een wat die rusie begin het. [14] "Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?" vra die ander. "Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?" Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword. [15] Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak,..."Eks. 2*

Die koning van Egipte het wette gemaak dat Israeliete moet werk sonder enige betaling. Hulle mag ook geslaan word as hulle nie werk soos die Egiptenare wil hê dat hulle moet werk nie. Hulle mag ook sommer doodgeslaan word. As 'n Egiptenaar gedink het 'n Israeliet werk te stadig of te slordig, of sommer net met 'n norse houding, dan mag hy hom sommer met 'n sweep of stok doodslaan.

Maar kyk nou hoe werk dit as dit 'n Egiptenaar is! Moses is volgens die Egiptenare ook 'n Egiptenaar. Hy is 'n Egiptiese prins wat in die koning se paleis bly. Maar as hy 'n ander Egiptenaar doodslaan, dan gaan die koning hom óók laat doodmaak.

Dit is hoe sondaars se wette werk: jy mag maar Israeliete doodslaan. Maar jy mag nie Egiptenare doodslaan nie. Dit is wat die Here vir ons wys in Matteus 25, oor hoe sondaars wette laat werk: hulle maak wette om vriende lief te hê, maar hulle vyande te haat.

**2. Die Here se kinders moet álle mense liefhê**

Ons is die Here se geliefde kinders. Kyk wie sê die Here moet ons liefhê*:*

*"Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, ...*" Matt. 5

Ons moet ons vriende en familie liefhê, én ons moet ons vyande liefhê. Dit is baie anders as wat alle ander mense sê. Die Here sê ons mag nie één mens haat nie. Ons moet elke mens liefhê. Dit maak nie eens saak of daardie mens niks van ons hou of ons seermaak nie.

Kinders van die Here – mag nooit kies watter mense hulle wil liefhê nie. Kinders van die Here moet altyd alle mense liefhê.

**3. Want die Here maak en sorg vir alle mense**

Hoekom sê die Here só? Sy kinders mag nooit kies vir wie hulle wil lief wees nie. Hulle moet alle mense liefhê!

Kyk na die rede wat die Here gee hoekom ons alle mense moet liefhê:

*"... sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen."* Matt. 5

Oor watter mense laat die Here dit reën? Laat die Here dit net oor Sy kinders reën? Die Here laat dit oor die hele wêreld reën. Hy laat dit oor mense reën wat vir Hom vra en dankie sê. Hy laat dit ook reën oor mense wat nooit vir die Here vra of dankie sê nie.

Oor wie laat die Here Sy son skyn? Die Here laat Sy son skyn oor alle mense. Oor mense wat na die Here luister, maar ook oor mense wat nooit na die Here luister nie. God is goed vir alle mense!

Hoekom is God goed vir alle mense?

Want die Here maak alle mense, en alle mense behoort aan Hom! Die Here is goed vir mense, want Hy is die goeie God wat goed sorg vir al die mense wat Hy gemaak het, en aan Hom behoort. Die Here is nie net goed vir mense wat na

Hom luister nie. En dit is nie net mense wat na die Here luister, wat aan Hom behoort nie. Hy maak alle mense. Alle mense behoort aan die Here.

Omdat God goed is vir alle mense – moet Sy kinders ook goed wees vir alle mense. Kyk weer hoe sê die Here dit:

*"Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg,* [45] *sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel."* Matt. 5

**4. God wys ons hoe ons alle mense moet liefhê**

Die Here self wys vir ons hoe ons alle mense moet liefhê. Ons mag nie maar self besluit hoe ons goed wil wees vir ander mense nie. Die Here weet wat is goed vir alle mense. Hy wys ons hoe om goed te wees vir alle mense.

Dit is waaroor die ses wette in die tweede gedeelte van die Tien Gebooie gaan: die Here wys ons hier hoe ons goed moet wees vir alle mense.

Kom ons lees dit saam in Eksodus 20!

Die vyfde gebod: [12] *"Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee."*

Die sesde gebod*:* [13] *"Jy mag nie moord pleeg nie."*

Die sewende gebod*:* [14] *"Jy mag nie egbreuk pleeg nie."*

Die agtste gebod: [15] *"Jy mag nie steel nie."*

Die negende gebod: [16] *"Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie."*

Die tiende gebod: [17] *"Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."*

**5. Dieselfde liefde vir almal**

Hierdie is die wyse waarop ons alle mense kan liefhê, ook al is hulle ons vyande.

Kan hierdie tipe liefde werk? Dieselfde liefde vir vriende en vyande?

Kom ons kyk na 'n voorbeeld: Rugby! In rugby is daar altyd twee spanne: jou span, en jou teenstanders se span. In hierdie voorbeeld is ons teenstanders ons vyande. Die Here wys Sy kinders mag nie net lief wees vir hulle spanmaats nie. Die Here se kinders moet ook lief wees vir die ander span se spelers!

Hoe moet jy vir hulle lief wees?

Jy moet, net soos hulle, ook vir die skeidsregter luister. Dit is die vyfde gebod: luister na grootmense! Dit kan nooit so wees dat hulle moet luister na die skeidsregter, maar julle span mag planne maak hoe om nie na die skeidsregter te luister nie. Almal, spanmaats en teenstanders, moet na die skeidsregter luister.

Julle mag hulle nie skop of slaan nie! Net soos hulle julle nie mag skop of slaan nie. Dit is die sesde gebod: jy mag nie doodslaan nie. Dit kan nooit so wees dat julle net julle spanmaats nie mag skop en slaan nie, maar dat julle maar julle teenstanders mag skop en slaan.

Jy mag nie skelm met een van jou teenstanders se meisie vry nie, net soos jy ook nie met een van jou spanmaats se meisie ’n skelm verhouding mag hê nie. Jy mag nie jou eie reël maak: “Ek kan maar met my teenstander se meisie maak wat ek wil, en ek het nie respek vir my spanmaats se meisies nie”.

Nie een span se drie kan tel as hulle aangeslaan, of die bal nie binne die doelgebied gedruk het nie. Julle mag nie maak asof julle drie tel, al het julle spanmaats vorentoe aangegee, maar hulle s’n mag nie tel nie omdat hulle die bal vorentoe aangegee het nie. Baie spanne maak só: hulle skree en raas as die skeidsregter sê hulle drie tel nie. Wat doen hulle? Húlle wil ’n drie steel, maar die ander span mag nie ’n drie steel nie.

Nie een span mag lieg nie. Jy mag nie maar sê die bal is reg ingegooi as jou hakker dit onder jou span se voete ingooi nie. Want jy wil ook nie hê dat die ander span moet lieg en maak asof die bal reg ingegooi is, as dit nie waar is nie.

En die laaste gebod werk só: ons wil nie die ander span se losskakel begeer en mislik wees met ons eie losskakel, omdat die ander span s’n beter skop nie. Ons aanvaar ons eie losskakel, en ondersteun hom. Al is hy dalk nie so goed soos die ander span s’n nie. Want ons is tevrede dat hulle span ook goeie en beter spelers as ons span mag hê.

Hierdie is die tipe liefde wat die Here van ons vra – ons moet almal volgens hierdie wette liefhê! Ons mag nie net ons vriende en eie mense liefhê nie.

Dink julle hierdie tipe liefde kan werk?

Hoe dink julle gaan rugby lyk as elkeen net sy eie span liefhet volgens hierdie wette van die Here? Hoe sal rugby lyk as een span maar mag doen wat hulle wil, en nie na die skeidsregter hoef te luister nie? As jy die ander span maar kan skop en slaan, net solank jy nie jou eie spanlede skop en slaan nie? As jy mag punte steel en lieg, maar die ander span mag nie punte steel en lieg nie? As julle

altyd ander spanne se beste spelers afvat, en julle eie spelers sommer uit die span gooi?

Dan sal rugby nie meer ’n sportsoort vir almal wees nie. Dit sal sommer net ’n plek wees waar elkeen doen wat hy wil! Rugby sal sommer ophou om te bestaan!

Dit is hoekom die Here vir Sy kinders wys dat hulle alle mense moet liefhê volgens Sy wette. Sy wette tel vir alle mense. Dit is hoe God vir alle mense goed is, en goed wil wees. Nie net vir Sy kinders nie.

As ons op hierdie manier na die Here luister, dan is die lewe vir almal ’n goeie lewe!

**6. Opdrag**

Gaan praat met Pappa en Mamma en sê vir hulle: “Die Here sê ons moet alle mense liefhê. Ons mag nie net sekere mense kies vir wie ons lief wil wees, en ander haat nie”. Dan sê julle vir hulle hoe het ons alle mense lief: soos die Here in die Tien Gebooie sê! En dan kan julle met hulle rugby gesels om te verduidelik hoe dit werk.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________
Handtekening: ouer of voog